Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 03 Sep 2018
Page: 14

AVE: 38808.09
Circulation: 35934
Part: 1 of 1




Sian Moore, 19-jarige doel van die Maties, het gisteraand 'n groot verantwoordelikheid op haar skouers gehad in die Varsitybeker-netbalwedstryd teen Tuks in Stellenbosch. Foto: VARSITY SPORTS

# Tuks is op die wenpad in Varsitybeker-reeks

**Annchen Nel**

Daar is net een manier om 'n kampioen te klop en dit is om twyfel in sy gemoed te saai.

Die Maties se netbalspan kon dit glad nie gisteraand regkry in hul Varsitybeker-wedstryd teen Tuks nie.

As jy 'n gedugte span soos Tuks – boonop die verdedigende kampioen – wil klop, moet jy uit die staanspoor jou neus voor kry, óf sorg dat jy binne trefafstand bly.

Die Stellenbossers het op hul tuisbaan reeds ná die eerste kwart met 13-20 agtergeloop. Alhoewel hulle tot die einde hard gespeel het, was die punteverskil op die ou end steeds vyf doele met die besoekers wat met 60-55 baas was.

Tuks het met dié oorwinning sy 2018-veldtog op koers gekry. Dit was hul eerste sege nadat hulle 'n onsuksesvolle eerste naweek gehad het.

Die Pretorianers het met die rustyd met 33-23 voorgeloop. Die Maties het 'n goeie derde kwart gespeel, maar nietemin steeds met nege doele agtergeloop (41-50).

Selfs met 'n kragspel, is dit te veel gevra in die laaste kwart.

Ine-Mari Venter, doel van Tuks, het 'n puik wedstryd gehad en kon spog met 'n doelgemiddelde van 94%.

Haar kaptein, Tshina Mdau, is egter as die Speler van die Wedstryd aangewys.

Die Kovsies het in Bloemfontein hul onoorwonne status behou. Hulle het die Vaal Universiteit van Tegnologie met 90-25 van die baan gevee.

Die Universiteit van Wes-Kaapland het in die Rosestad hul als gegee, maar die Noordwes-Universiteit het nogtans byna 'n honderdtal opgestapel (93-61). Die NWU-senter Romé Dreyer was die Speler van die Wedstryd.

Dinge lyk ook donker vir die Universiteit van Johannesburg. Hulle is in die Eikestad met 29-45 deur die Madibaz van die Nelson Mandela-Universiteit oorrompel. Die Baaienaars is ook nog onoorwonne.

■ **Vandag: By Kovsies: 17:30:** VUT t. NWU; **19:00:** Kovsies t. UWK; **By Maties: 17:30:** Tuks t. Madibaz; **19:00:** Maties t. UJ.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.